# TBZ Rugbyklub vaar goed teen Anglo Platinum Rugbyklub

Riaan Pretorius

Thabazimbi – Die 2 rugbyspanne van Thabazimbi Rugbyklub het op Vrydagaand 8 Mei 2009 teen Warmbad te Warmbad gaan speel.

Die Tweedespan, wat 'n hele aantal spelers aan die Eerstespan moes afstaan, het in die eerste helfte baie gesukkel om op dreef te kom. Warmbad wat met 'n verwoede tempo begin het, het Thaba halftyd in die moeilikheid gehad en was 8-0 voor. Thabazimbi het vroeg in die tweede helfte gaan druk waarna Warmbad nie weer in die wedstryd kon kom nie. Thabazimbi het nog 2 keer gaan druk en die wedstryd 21-8 gewen. 'n Speler wat uitgestaan het in hierdie wedstryd is Kobus Baard. Die puntemakers vir die Tweedespan: Kobus Baard met 2 drieë, Matthys Schoeman met 1 drie en Ian Meintjies wat alles verdoel het.

Die Eerstespan het van die staanspoor af gewys hoekom hulle weer die liga wil wen. Met die halftyd telling op 3-0 in Thaba se guns het almal geweet hier kom 'n super wedstryd. In die eerste 20 minute van die 2de helfte, met 'n stukkie briljante spel deur Ettiene du Plessis is Thabazimbi 10-0 voor. Met tyd amper verstreke, het Warmbad 'n laaste poging aangewend om die telling 10-7 te maak. 'n Strafskop in die tweede laaste minuut deur André Beer bring die telling na 13-7 in Thabazimbi se guns. Na spel hervat is, gaan druk Warmbad 'n drie, maar die drie word nie toegeken nie en die telling bly 13-7 in Thabazimbi se guns.

Puntemakers vir die Eerstespan: Ettiene du Plessis met 1 drie en Andre Beer 2 strafskoppe en 1 verdoel. Na drie wedstyde in die Liga lyk die punte so:

Tweedespan: Thabazimbi - Nylstroom 18-7; Thabazimbi - Union 62-0; Thabazimbi - Warmbad 21-8

Eerstespan: Thabazimbi - Nylstroom 21-15; Thabazimbi - Union 30-7; Thabazimbi - Warmbad 13-7.

Die Thabazimbi Rugbyklub speel op Vry- dagaand 15 Mei om 20:00 teen Vaalwater op Thabapark. Ondersteun die manne en kom geniet 'n heerlike Rugbyaand.



*Thabazimbi Rugbyklub se Tweedespan het op Vrydagaand 8 Mei hul wedstryd met 'n telling van 21-8 gewen.*


## KENNIS VAN OMGEWINGSIMPAKBEPALINGS- EN BASIESE BEPALINGSPROSESSE

Kennis word hiermee gegee in terme van Regulasie 56 van die regulasies wat verskyn in Staatskennisgewing Nommer 385 kragtens die Nasionale Wet op Omgewingsbestuur, 1998 (Wet Nommer 107 van 1998), soos gewysig en die Omgewingsimpakbepaling Regulasies (2006), van die voorneme om die volgende aktiwiteit uit te voer:

**Mokolo en Krokodil (Wes) Wateraanvullingsprojek (MKWAP):**

1. **Fase 1: Vermeerder die toevoer vanuit Mokolodam; en**
2. **Fase 2: Oordra van water vanaf die Krokodilrivier (Wes) na die Lephalale-gebied**
3. **Verwydering van Bottelnek op 'n bestaande Exxaro pyplyn van Mokolodam na Lephalale**

**'n Klas Aansoek is vir Omgewings goedkeuring ingedien by die Departement van Omgewingsake en Toerisme (DEAT) vir bogenoemde MKWAP sub-projekte. Die tipe omgewingsbepalings, gelyste aktiwiteite waarvoor goedkeuring gevra word, en die DEAT verwysingsnommers vir die sub-projekte is as volg:**

| MKWAP sub-projekte | Omgewingsbepaling | Gelyste Aktiwiteite | DEAT Verwysings-nommer |
|---|---|---|---|
| Fase 1 | Omvangsbepaling & Omgewingsimpakbepaling | Staatskennisgewing No. R. 386: 1(k), 1(l), 1(m), 1(n), 4, 7, 12, 15, 16, 20<br>Staatskennisgewing No. R. 387: 1(c), 1(f), 1(n), 1(o), 2, 6, 7, 10 | 12/12/20/1465 |
| Fase 2 | Omvangsbepaling & Omgewingsimpakbepaling | Staatskennisgewing No. R. 386: 1(k), 1(l), 1(m), 1(n), 4, 7, 12, 15, 16, 20<br>Staatskennisgewing No. R. 387: 1(c), 1(f), 1(n), 1(o), 2, 6, 7, 10 | 12/12/20/1466 |
| Verwydering van Bottelnek | Basiese Bepaling | Staatskennisgewing No. R. 386: 1(k), 1(l), 1(m), 1(n), 4, 7, 12, 15, 16, 20 | 12/12/20/1467 |

**Voorgestelde Aktiwiteite**

| Fase 1 | Fase 2 | Verwydering van Bottelnek |
|---|---|---|
| Konstruksie van 'n pompstasie en 'n nuwe pyplyn (ongeveer 80km) met wisselende deursnee (tot 1900mm). | Konstruksie van die volgende:<br>○ Stuwal en ontrekkingswerke;<br>○ Hoëdruk pompstasie;<br>○ Oordragskema wat bestaan uit 'n stygpyplyn (ongeveer 100km) met wisselende deursnee (tot 2400mm);<br>○ Drukbreekreservoir;<br>○ Operasionele storingsdam; en<br>○ Leweringstelsel wat bestaan uit gravitasiepyplyn (ongeveer 30km) met wisselende deursnee (tot 2400mm). | Die verwydering van 'n bottelnek op 'n bestaande pyplyn wat behoort aan Exxaro en wat strek vanaf die Mokolodam tot by Lephalale. |

**Ligging**

| Fase 1 | Fase 2: Komponent | Fase 2: Ligging | Verwydering van Bottelnek |
|---|---|---|---|
| Konstruksie van 'n nuwe pyplyn vanaf Mokolodam na Zeeland, Matimba en Medupi kragsentrales en vandaar na Steenbokpan. Die voorgestelde pyplyn roete tussen Mokolodam en Matimba kragsentrale is langs die bestaande Exxaro pyplyn, behalwe vir 'n kort gedeelte naby Mokolodam waar die pyplyn die bestaande toegangspad sal volg. | Stuwal en ontrekkingswerke | Mooivalei 342 KQ, naby Thabazimbi | Konstruksie van die eerste 9km van die nuwe gravitasie pyplyn (vir MKWAP Fase 1) vanaf Wolvenfontein balanseerdamme, met inlaste tot die bestaande pyplyn. Die nuwe pyplyn sal dieselfde roete volg as die bestaande gravitasie pyplyn en die serwituut sal verbreed word om die nuwe pyplyn te akkomodeer. |
| | Hoëdruk pompstasie | Mooivalei 342 KQ, naby Thabazimbi | |
| | Oordragskema – stygpyplyn | Vanaf stuwal tot by die Druk verlagings storingsdam in 'n noordelike rigting | |
| | Drukbreekreservoir | Zondagskuil 130 KQ | |
| | Operationele storingsdam | Klipkloof 365 LQ | |
| | Leweringstelsel – gravitasiepyplyn | Vanaf operationele reservoir na Steenbokpan, in 'n noord-westerlike rigting | |

Aansoeker

Departement van Waterwese en Bosbou (DWAF)

**Publieke Ope Dae**

Die volgende publieke ope dae sal gehou word:

| | Fase 1 | Fase 2 | Fase 2 | Verwydering van Bottelnek |
|---|---|---|---|---|
| Datum: | 28 Mei 2009 | 27 Mei 2009 | 27 Mei 2009 | 28 Mei 2009 |
| Gebied: | Lephalale | Thabazimbi | Lephalale | Mokolo Dam Area |
| Lokaal: | Mogol-konferensiesaal | Kumba Bioskoopsaal | Mogol-konferensiesaal | Ashante Konferensie Fasiliteit |
| Tyd: | 08h00 – 13h00 | 08h00 – 13h00 | 15h30 – 19h30 | 15h30 – 19h30 |

Kontakpersoon/Konsultant

Salomon Pienaar
Nemai Consulting
Posbus 1673
Sunninghill, 2157

Tel: (011) 781 1730
Faks: (011) 781 1731
e-pos: **salomonp@nemai.co.za**

**Kennisgewing se Publikasiedatum**

15 Mei 2009

**Registrasie as Belanghebbende en Geaffekteerde Party**

Ten einde te verseker dat u geïdentifiseer word as 'n **Belanghebbende en Geaffekteerde Party, stuur asseblief u naam, kontakbesonderhede en belange in die saak aan bogenoemde kontakpersoon. Enige besware teen of kommentaar op die voorgestelde projek behoort binne 30 dae van publikasie van hierdie kennisgewing gestuur te word aan die kontakpersoon/konsultant.**

Dokumentasie in verband met die **MKWAP** projek is beskikbaar op die DWAF Projek Webblad: http://www.dwaf.gov.za/projects.asp.


# Interest cut welcomed

TAU SA welcomes the interest reduction as has been announced by the governor of the Reserve Bank. It is common knowledge that agricultural debt is very high ant that agricultural credit has risen due to high input costs and low product prices.

The reduction of the interest rate can be of some help, although it will not mean the solutionof farmers' problems.

TAU SA looks forward that the strengthening of the rand and the lower oil price will lead to a further reduction in the price of diesel .

# Die Frikkies reik uit

Met die naderende winter wat al begin byt wys die leerders van Hoërskool Frikkie Meyer dat hulle harte warm klop.

Gedurende Mei-maand neem al die Frikkies deel aan projek "Winterhoop" ten bate van behoeftige persone in ons gemeenskap. Hierdie aksie word gereël in samewerking met die SAVF-Maatskaplike dienste van Thabazimbi. Hulle identifiseer die werklike behoeftes en sorg dat die goedere wat ingesamel word, by persone wat werklik in nood verkeer uitkom.

Die Frikkies is versoek om in voogklasverband nie-bederfbare kruideniersware asook komberse, baadjies en truie te skenk. Met hierdie projek wil ons nie net die gemeenskap ondersteun nie, maar poog ons ook om die waarde van uitreik en omgee by ons leerders te vestig. Dit sluit ook aan by die projek wat ons vanjaar by die skool geloots het om die waardes wat noodsaaklik is vir verantwoordelike menswees by ons kinders te vestig en te versterk.

Ouers, ondersteun die skool en die gemeenskap met hierdie projek. Help en moedig u kinders aan om items te bring vir hierdie projek. Baadjies, truie en komberse wat te klein is of nie baie gebruik word nie kan 'n reuse verskil maak aan baie mense se lewens gedurende die bitter koue winter. Enige nie-bederfbare kruideniersware is welkom. Al bring u kind net 'n koekie seep, maak dit 'n verskil – aan sy/haar lewe maar ook aan die van 'n ander persoon.

In samewerking met die SAVF tree Kaptein C Morris van die SAP op Vrydag 22 Mei by die skool op. Hy is al jare werksaam by die S.A.P, in die voormalige Kinderbeskermingseenheid. Hy is 'n kenner op die gebied van die ondersoek en bekamping van misdaad wat voorkom met behulp van tegnologiese hulpmiddels soos Mix-It en Facebook. Hy kom met die leerders gesels oor die gevare wat hierdie dinge inhou en waarvoor hulle versigtig moet wees.

Daar word baie hard geoefen aan die "Musical" wat van 12 tot 14 Augustus op die planke gaan wees. Hou hierdie datums oop – dit gaan onvergeetlik wees!

Die wintersport is volstoom aan die gang en die volgende byeenkomste vind hier op ons velde plaas:
Vrydag 15 Mei – Ellisras
Saterdag 23 Mei – Hoërskool Ben Viljoen (Groblersdal)
Saterdag 6 Junie – Naboomspruit
Kom kyk heerlik rugby, netbal en hokkie. Daar is niks wat kom by die atmosfeer van skole-sport op 'n koue Saterdagmôre oor 'n stomende koppie koffie nie! U is baie welkom!

Op 9 Junie vind die verkiesing van die Beheerliggaam van die skool plaas. Die nominasie vergadering begin om 18:00 en daarna sal verkiesing plaasvind.

Tussen al die bedrywighede geniet die akademie steeds prioriteit. Die eksamen begin op 1 Junie.

Baie dankie aan almal in die gemeenskap wat ons skool ondersteun!